SA Media - The University of the Free State

Page: 1

Source: LANDBOUWEEKBLAD

Date: 10-Jan-2003

Topic: 19

Ref No: 139

1

ID: 02906003-01

Source Page: 16

Deur JOHANN KIRSTEN en NICK VINK



# Voedselpryskrisis uit ander hoek belig

**Die debat oor voedselpryse moet verskuif word van die oorsake van die krisis na moontlike oplossings en beleidsrigtings wat die Regering in werking moet stel om die impak hiervan op die inflasiekoers en op die reële inkomste van die armste deel van die bevolking te verlig.**

Suid-Afrikaners gaan sedert die begin van 2002 gebuk onder 'n ongekende styging in voedselpryse. Die styging in die mielieprys het die meeste bohaai oor hoër kospryse tot gevolg gehad. Dit is omdat wit mielies die grootste deel van die bevolking se belangrikste stapelvoedsel is en geel mielies die belangrikste inset in die melk-, vark-, beesvleis- en pluimveebedryf is.

Dit is dus natuurlik om te verwag dat 'n styging in die mielieprys kan lei tot stygings in die prys van basiese kossoorte soos melk, melkpoeier, botter, kaas, eiers, hoender- en varkvleis (die mens se belangrikste proteïenbronne).

Die impak van die voedselprysstyging op inflasie en algemene lewenskoste is enorm – soveel te meer in armer gemeenskappe. Wanneer oplossings vir hierdie krisis gesoek word, is dit belangrik om die ware feite te vind om te verhoed dat verkeerde beleidsrigtings gevolg word.

Kommentators en woordvoerders toon dikwels 'n beperkte begrip van die mark vir graan en ander landbouprodukte in Suid-Afrika wanneer verwys word na "opportunistiese prysbepaling" en die "onregverdige" praktyk om pryse gelyk te stel aan invoervlakke. Daarby blameer mense ook graag Safex vir ál die stygings, sonder dat hulle verstaan hoe 'n termynmark werk.

Uit navorsing wat ons die afgelope tyd gedoen het, het ons tot die gevolgtrekking gekom dat die onlangse styging in die produsenteprys van basiese voedselprodukte die gevolg is van 'n unieke kombinasie van vyf faktore. Dit is:

- 'n Styging in die wêreldprys van hierdie produkte.
- 'n Gebrek aan mededinging in die voorsieningsketting ná die plaashek, veral in die kleinhandel.
- 'n Vinnige en skerp daling in die waarde van die rand.
- 'n Tekort aan mielies in die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsorganisasie-streek.
- 'n Klimaat van onsekerheid, in die besonder geskep deur die ongelukkige omstandighede van die grondhervormingsprogram en verkiesing in Zimbabwe, en in die algemeen deur die onbestendigheid in dele van Sentraal- en Suider-Afrika.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat plaaspryse (die prys van die rou, onverwerkte produk) 'n baie klein persentasie van die waarde van die eindproduk uitmaak. In die geval van graanprodukte (mieliemeel en brood) beloop die produsenteprysaandeel van die kleinhandelwaarde maar 18 % en in die geval van rooivleis en suiwelprodukte onderskeidelik 44 % en 45%.

Hoewel dit heelwat verwerking en waardetoevoeging verg om die produk by die verbruiker te kry, kan gevra word wat werklik laer af in die waardeketting gebeur. Wie steek die meeste in sy sak?

Dis goed en wel om oor die oorsake van die prysstyging te redeneer, maar om meer toepaslike en beter gerigte maatreëls uit te dink om die armes te help, is 'n ander saak. Dit behoort voorkeursake te wees.

Wat belangriker is, is om te sorg dat landbouproduksie gestimuleer word. Dit is hier waar die Regering 'n aktiewer rol kan speel. Daarom is dit belangrik om die debat oor voedselpryse te verskuif van die oorsake daarvan na moontlike oplossings en beleidsrigtings wat die Regering in werking moet stel om die impak van hierdie krisis op die inflasiekoers en op die reële inkomste van die armste deel van die bevolking te verlig.

Dit is duidelik dat Suid-Afrika se armes die afgelope paar maande benadeel is deur hoër kleinhandelvoedselpryse en dat hierdie prysneigings in 'n groot mate geen verband hou met pryse by die plaashek nie – veral dié van mielies en koring.

Staatsingryping in die primêre landbou in Suid-Afrika in die 1930's was 'n reaksie op wat gesien is as boere se gebrek aan bedingingsmag. Deregulering het meestal plaasgevind omdat die boerdery-ondersteuningstelsel te duur geraak het en omdat die voordele onregverdig versprei is. Dit beteken egter nie dat boere outomaties genoeg bedingingsmag bekom het nie, soos die afgelope maande bewys is.

## Bedingingsmag

Daar word trouens beweer dat hoewel die beheermeganismes van die 1930's boere se bedingingsmag aanvanklik deur die stelsel van koöperasies en bemarkingsrade verbeter het, dit later, weens praktyke soos beperkte lisensiëring, tot groter bedingingsmag vir verwerkers, verspreiders en handelaars gelei het.

Daarom is dit nodig dat die mededingendheid in die voorsieningsketting vir die belangrikste basiese voedselsoorte ondersoek moet word.

Baie van die inligting vir só 'n ondersoek is egter vertroulik en die Regering sal die aanstelling van 'n regskommissie moet oorweeg om te kyk of daar nie onregmatige winsneming plaasvind nie en of die toegang tot markte gemanipuleer word.

Daar is weinig bewyse dat kleinboere tot dusver voordeel getrek het uit die nuwe handelsomgewing in die landbou, terwyl daar sterk bewyse is dat die doeltreffendheid en regverdigheid van die landbousektor baat sou vind by 'n geslaagde grondhervormings- en

kleinboerondersteuningsprogram.

Gevolglik is die meeste kleinboere in Suid-Afrika steeds arm, netto voedselkopers en word hulle net so benadeel deur hoër verbruikerspryse vir kos as die grondlose landelike en stedelike armes.

Dit is dus belangrik dat suksesvolle grondhervormingsprogramme en ondersteuningsprogramme vir boere meer aandag kry.

Dit kan lei tot die skepping van 'n suksesvolle bestaan vir die miljoene huidige (en potensiële) boere uit benadeelde gemeenskappe aan wie dié geleenthede toekom.

Hoewel landelike armes in Suid-Afrika tans beter daaraan toe is as 'n dekade gelede, is die landbousektor tot dusver nie toegelaat om die belangrike rol te vervul wat dit in die stryd teen armoede op die platteland moes vervul nie. Die Regering moet die verval in die landbou-infrastruktuur omkeer en die fokus van sy pogings verskuif na die ondersteuning van arm en benadeelde boere.

'n Mens sou kon aanvoer dat om R1 miljard per jaar te bestee aan 'n doeltreffende ondersteuningsprogram vir kleinboere, wat opleiding, voorligting, produksiemiddele en produksiekrediet insluit, in 'n groot mate sal verseker dat landelike ontwikkeling en landelike armoede die nodige aandag kry.

Dit mag wel verreikend klink, maar ons het klaar vergeet watter groot programme die Afrikanerregering sedert 1948 in werking gestel het om Afrikanerboere te bemagtig. Sou dit dan nie paslik wees om die ongelykhede in dié sektor deur so 'n toegewyde, selfgefinancierde en doeltreffende program te hanteer en 'n verenigde, vooruitstrewende sektor te verseker nie?

## Arm inwoners

Dit is duidelik dat die arm inwoners van die plattelandse, stedelike en buitestedelike gebiede van Suid-Afrika die meeste geraak word deur die styging in die produsentepryse van stapelvoedsel. Ons ontleding toon dat die verbruikerspryse van hierdie produkte op die kort tot mediumtermyn nie nominaal sal daal nie, ondanks die verstewiging van die rand die afgelope tyd. Daar is dus rede vir maatreëls om die armes se lot te verlig.

Suid-Afrika het die meganismes om armoede te beveg. Deel hiervan is die program vir openbare werke, die voedingsprojek vir laerskole en die beoogde omvattende welsynsprogram. Hierdie programme het probleme met die toepassing daarvan, terwyl onbestede geld elke jaar 'n groot probleem is.

Die Regering behoort 'n beginselbesluit te neem om nie korttermynnoodsituasies, soos die huidige styging in verbruikerspryse van basiese voedselsoorte, met korttermynmaatreëls op te los nie.

Die onlangse aankondiging deur die minister en enkele private maatskappye is nie die soort ingryping wat sal help nie.

Die oplossing lê eerder in gesonde risikobestuurstrategieë en 'n behoorlik geïmplementeerde armoedeverligtingsbeleid. In hierdie verband is dit nodig om die moontlikheid te oorweeg om 'n omvattende voedselkoeponprogram van stapel te stuur.

In die geheel gesien het die voedselkrisis tot gevolg gehad dat die owerheid met nuwe oë na die landbou kyk en nou besef hoe belangrik dié sektor vir makro-ekonomiese en maatskaplike stabiliteit is.

Druk van binne owerheidswëe om te sorg dat die provinsiale departemente van landbou die belangrike taak van ondersteuning en vestiging van swart boere begin uitvoer, is dringend nodig

So nie, kan die voedselkrisis en armoede 'n hele paar jaar voortduur. Polities en maatskaplik sal die Regering dit nie kan bekostig nie.

*Prof. Johann Kirsten is hoof van die Departement van Landbou-ekonomie, Voorligting en Landelike Ontwikkeling, Universiteit van Pretoria, en prof. Nick Vink hoof van die Departement van Landbou-ekonomie, Universiteit van Stellenbosch.*